

Sondag 4 Desember

**Skrifgedeelte: Openbaring 7:1-8**

**Fokusgedeelte: Openbaring 6:17 (AFR83)**

**Wie sal staande kan bly ...?**

Die seëls (6:1 – 8:5), trompette (8:6 – 11:19) en bakke (16:1-21) simboliseer die Here se oordele wat oor die aarde kom en sal kom. En alhoewel ons as gelowiges weet dat hierdie oordele ook moet kom in aanloop tot Jesus se tweede koms, kan hierdie tekste ons dalk onrustig maak.

Maar die Here ken sy kinders se harte en daarom wil Hy bemoedig en versterk. Te midde van hierdie gedeeltes oor die oordele van die Here kry ons bemoediging in Openbaring 7:1-17, 10:1 – 11:14 en 17:1 – 18:24.

Daarom is vandag se teks weereens bedoel om gelowiges wat hier op aarde is, te bemoedig. Hierdie teks het natuurlik in die verlede al tot baie dwaalleer gelei. Sekere groepe leer dat daar net 144 000 mense hemel toe sal gaan en hierdie teks word dan daarvoor gebruik. Ons moet die teks baie mooi lees en in die eerste plek agterkom dat hierdie groep mense wat deur die Here verseël sal word, juis 'n groep mense is wat op die aarde is.

Hulle is in hierdie teks nie in die hemel nie, maar hulle word hier op aarde gemerk. Hierdie groep sal ook die oordele van die Here wat die aarde tref, beleef. Aan die einde van die sesde seël se oopmaak (6:17) lees ons 'n baie belangrike vraag. "Wie sal staande kan bly?" te midde van God se oordele oor hierdie aarde. En die antwoord kry ons in vandag se teks.

Daar is 'n sekere groep, en die Here het die getal vasgemaak, wat aan Hom behoort en wat staande sal bly te midde van die oordele wat die aarde sal tref. Hierdie groep mense is God se uitverkorenes en daarom troos die Here elkeen van ons wat nou hier lees en die boodskap in ons hart bewaar.

*Sing: Psalm 33-1:10*

*Ds. W van den Heever (Werner) (Gobabis)*